Die Christelike Vrou

Augustus 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

Weer eens 'n reënboog

Verlede jaar omtrent hierdie tyd (in die Julie 2023-uitgawe) het ek geskryf oor die storms en oorstromings wat ons omgewing getref het. Daar was baie ontwrigting en skade. So ver ek kan onthou, was daar darem geen lewensverlies hier rond as gevolg van die storms nie.

Een van die dominees in die dorp hou getrou boek van die reënval. Ek het pas weer sy verslag gekry en vir Junie 2023 het 392 mm geval. Vir Julie 2024 alleen (en die maand was nog nie verby nie...) het reeds 567 mm reën geval. Die totale reënval vir 2021 was 660 mm; vir 2022 was dit 475 mm; vir 2023 was dit 1 053 mm; en vir die eerste sewe maande van 2024 staan dit reeds op 706.

Dis baie reën. Wanneer 'n mens so in die middel van sulke aanhoudende buie is, raak jy moedeloos. Jy raak gefrustreerd. Soms raak jy bang, veral as jy sien hoe die water rondom jou styg en berigte hoor van paaie rondom jou dorp wat verspoel en gesluit is. En jy is 'n grootmens. Ek kan nogal dink dat kinders en troeteldiere seker al hierdie emosies eksponensieel ervaar. Dan praat ek natuurlik nie eens van die arme mense wie se informele strukture saam met hul karige besittings rivieraf is nie...

Om die saak vir onsself 'n bietjie ligter te maak, sê ons soms dat dit nou al seker 40 dae en 40 nagte lank reën – want só voel dit kompleet. (Ek dink Noag en sy gesin het seker gevoel die einde van die wêreld het vir hulle aangebreek.)

Maar ek word gereeld herinner aan God se belofte aan Noag in Genesis 9:12-17 – of spreekwoordelik eintlik seker oor die vingers getik! Ongeag of dit net in ons omgewing is waar dit so asemrowend mooi is, of omdat dit nou maar net eenvoudig móói is, of dalk gewoon omdat die belofte daaraan gekoppel so aangrypend is, dit maak nie saak nie. Wanneer ek 'n reënboog sien, wéét ek.

Ek weet God hou sy beloftes. Ek weet Hy sorg vir ons. Ek weet Hy sorg vir ons élkeen – klein, groot; arm, ryk; slim, minder slim; pienk, wit, pers of groen. Ja, Hy gee nie altyd wat ék wil hê of hóé ek dit wil hê nie – Hy gee wat ek nodig het en wat vir my die beste is.

Hannelie

Vrouemaand

Vrouemaand

Wializé Rocher

My nooi is in 'n nartjie, my ouma in kaneel, daar's iemand . . . iemand in anys, daar's 'n vrou in elke geur!

DJ Opperman het iets verstaan van die vroulike wese, met sy uitwysing van verskeidenheid wanneer dit kom by die vroulike spesie.

Elke Augustus vier ons Vrouemaand, 'n tyd wat toegewy is aan die viering van vroue se krag, deursettingsvermoë, en die buitengewone bydraes wat hulle tot die samelewing maak. Hierdie maand bied 'n geleentheid om na te dink oor die geskiedenis van vroue se regte, om bewus te raak van die uitdagings wat steeds bestaan, en om die prestasies van vroue wêreldwyd te vier. Dit is ook 'n tyd om die belangrikheid van vroue wat mekaar ondersteun, te erken en te bevorder.

Die geskiedenis van Vrouemaand het diep wortels. Dit is in 1956 geïnspireer deur die legendariese optog van meer as 20 000 Suid-Afrikaanse vroue na die Uniegebou in Pretoria. Hulle het geprotesteer teen die berugte paswette van die apartheidsregering wat beperkings geplaas het op die bewegingsvryheid van swart mense. Hierdie dapper vroue het 'n duidelike boodskap aan die regering gestuur: *Wathint' abafazi, wathint' imbokodo* (Jy tref 'n vrou, jy tref 'n rots). Hierdie leuse het 'n simbool geword van die onwrikbare krag en veerkragtigheid van vroue.

Op 9 Augustus 1994 is die eerste Nasionale Vrouedag in Suid-Afrika gevier. In 2006 is die optog herhaal om die 50ste herdenking te vier. Vanjaar sal presies 68 jaar na die oorspronklike optog wees.

In die gees van hierdie leuse is dit tyd om na te dink oor hoe ons as vroue mekaar kan ondersteun en versterk. Daar is 'n Engelse uitdrukking wat sê: *Clap for others and adjust your crown*. Hierdie woorde dra 'n diep betekenis en herinner ons daaraan dat ons mekaar moet aanmoedig en vier, terwyl ons selfversekerd bly oor ons eie krag en vermoëns.

Wanneer ons ander vroue se prestasies vier, versterk ons die band van

Vrouemaand

susterskap en skep ons 'n gemeenskap waar almal kan floreer, ongeag jou geur. Dit is belangrik om te onthou dat iemand anders se sukses nie ons eie sukses in die skadu stel nie, maar eerder die moontlikhede vir ons almal vergroot. Wanneer een vrou uitstyg, het sy die potensiaal om die pad vir ander te verlig.

Die daad van ondersteuning kan in baie vorme kom. Dit kan so eenvoudig wees soos om 'n kollega te prys vir haar harde werk, om 'n vriendin te ondersteun tydens moeilike tye, of om 'n jong meisie te mentor en aan te moedig om haar drome na te jaag. Elke daad van vriendelikheid en ondersteuning dra by tot 'n sterker en meer verenigde gemeenskap van vroue.

Daar is talle voorbeelde van vroue wat mekaar ondersteun en ongelooflike dinge bereik. Dink aan groepe vroue wat bymekaargekom het om sakeondernemings te begin, gemeenskapsprojekte te lei, of sosiale geregtigheid te bevorder. Hul stories is 'n bron van inspirasie en 'n bewys van wat moontlik is wanneer ons saamwerk en mekaar ophef.

Of jou geur in 'n nartjie, kaneel of anys is, mag ons hierdie Vrouemaand mekaar se aromas komplimenteer, laat ons toegewyd wees aan die ondersteuning van mekaar. Laat ons klap vir ander en ons eie krone verstel met trots en selfvertroue. Deur dit te doen, bou ons 'n wêreld waar elke vrou haar volle potensiaal kan bereik en waar ons saam sterker is.

Laat ons die gees van Vrouemaand omhels en voortgaan om die onwrikbare krag en veerkragtigheid van vroue te vier. *Wathint' abafazi, wathint' imbokodo* – jy tref 'n vrou, jy tref 'n rots.

SP Engelbrecht-museum

SP Engelbrecht-museum

Plakkaatversameling **Ds Carel Johann de Bruin**

Hierdie maand plaas ons weer een van die SP Engelbrecht-museum se plakkate. Voorheen het ons 'n kort opsomming gegee oor die ontstaan van hierdie reeks. Dit is 'n pragtige reeks wat belangrike inligting op kort en kragtige manier weergee.

Die reeks is mooi geraam en word op strategiese plekke in die Museumuitstalling vertoon. Besoekers kan dit rustig daar gaan lees. Die idee is ook om dit as 'n gedrukte of elektroniese pamflet te verkoop om tuis te gaan lees. Ds Carel Johann de Bruin noem dat hy dit sal waardeer as iemand met so 'n projek vir die Museum wil help. Die pamflette/plakkate is reeds digitaal gereed, maar fondse sal nodig wees om sommer swart-wit pamflette te druk, want daar is besoekers wat in-die-hand-papier verkies.

Die reeks is eintlik nog nooit afgesluit nie. Daar is meer temas wat ook nog aandag moet kry, byvoorbeeld sendingwerk. Opdatering van bestaande plakkate (veral oor die NHSV, diakens en barmhartigheidswerk, Bybelvertaling en dies meer) het ook nou wenslik geword. Buiten die geraamdes in die Museum, is daar ongelukkig geen voorraad meer nie. Met verloop van tyd sal ons poog om al die plakkate hier te publiseer.

Ds Carel Johann de Bruin

Emerituspredikant

Sekretaris: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek

By SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, Pretoria

careljohann@gmail.com

082 733 3951

OUDERLINGE
in die Hervormde Kerk

Die Hervormde Kerk kan met reg 'n ouderlingekerk genoem word. Weens die tekort aan predikante het ouderlinge regdeur die 19de eeu en vir 'n groot deel van die 20ste eeu sterk leiding geneem in die Kerk.

Dikwels het die onbaatsugtige en bekwame dienswerk van ouderlinge verseker dat gemeentes onder moeilike ekonomiese omstandighede kon bly funksioneer. Die ouderlinge het dikwels ook werk gedoen wat normaalweg op die terrein van 'n predikant sou lê.

Ouderlinge het toegesien dat op Sondae byeengekom is om kerk te hou, en het dikwels uit 'n preekbundel voorgelees. Hulle het ook begrafnisse waargeneem. In talle gemeentes is die volledige kategese tot by aflegging van geloofsbelydenis aan ouderlinge opgedra, met die gevolg dat hulle lidmate geword het sonder dat hulle ooit deur 'n predikant gekatkiseer is. Met huisbesoek het hulle lidmate aangespoor om erns te maak met die daaglikse Boekevat.

Die Kerkraad van Trichardtsfontein in 1904 op Holfontein, Distrik Bethal.

Gemeente Noordelike Pretoria neem in September 1948 afskeid van hul ou kerkgebou. Die voorleser, oudl PG Roets, stap voor met die geopende Bybel. Agter hom volg die predikante.

Ouderlinge vorm steeds saam met ander ampsdraers die ruggraat van die Kerk. Hulle het veral 'n belangrike funksie in die kerkregering. Op al drie kerklike regeerliggame – kerkraad, ringsvergadering en Algemene Kerkvergadering – is die bydraes van ouderlinge deurslaggewend vir die koers van die Kerk.

Die Hervormde Kerk was in 1980 die eerste kerk in Suid-Afrika wat vrouens tot die amp van predikant en ouderling toegelaat het. Terwyl heelwat gemeentes vandag reeds 'n vrouepredikant het, is daar min gemeentes wat nie oor die dienste van 'n aansienlike komponent vroue-ouderlinge beskik nie.

NHSV Streekbyeenkoms

NHSV Streekbyeenkoms

Pretoria en Noordelike Pretoria **Poppie Jordaan en Antoinette van Rensburg**

Ons streekbyeenkoms op 'n koel herfsoggend, Saterdag 18 Mei 2024, begin met registrasie en verwelkoming om 08:00 rondom 'n koppie koffie en beskuit. Elke afgevaardigde ontvang ook 'n NHSV geskenklêer met Thea van Rooyen se besondere kunswerk daarop.

Die tema vir die oggend het aangesluit by die NHSV Hoofbestuur se tema, *Al het ek geval, ek staan weer op...* (Miga 7:8, AFR2020).

Om 09:00 het ds Jimmy Manders en Natasha Ayres ons met sang in die regte luim geplaas vir die verrigtinge. Ds Janine Bevolo-Manders het die opening waargeneem uit Jesaja 23:6; sy het ook Johannes 14:17 uit die Nuwe Lewende Vertaling aangehaal: *Ek laat vir julle vrede na; my vrede deel Ek met julle. Ek gee nie soos die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld of beangs word nie.*

Sy het weer genoem dat dit vir ons *okay* is om nie *okay* te wees nie, maar dat dit nie *okay* is om daar te bly nie. Om nuwe, beter gewoontes aan te leer, is soos om in 'n koringland te loop. Hoe meer jy loop, hoe duideliker word die paadjie. Ons moet ons geestelike lewe ook so konstant loop dat mense duidelik kan sien dat ons gelowiges en Christene is.

Na die opening was Ronél Bezuidenhout aan die woord met 'n boodskap vanaf die Hoofbestuur. Sy het almal weer ingelig oor die werksaamhede en betrokkenheid van die NHSV. Sy het ook die Dagbestuur met 'n skyfie aan almal bekendgestel en terugvoer vanuit die takke gevra. Dit was wonderlik om te hoor waar en waarmee elke gemeente besig is en hoe die dames steeds oral betrokke is.

Die nuwe besture vir die twee streke is soos volg verkies:

- **Pretoria:** Poppie Jordaan (streekvoorsitter); Hazel Saaiman van Rietvallei (reël van 2025 se Streekbyeenkoms); en Altha Reinecke van Swartkop.
- **Noordelike Pretoria:** Antoinette van Rensburg (streekvoorsitter); Elize Jones van Villieria (visevoorsitter); en Natasja du Toit van Pierneef (tesourier).

Die inspirerende gasspreker vir die oggend was ds Annerie Conradie van Gemeente Culembeeck in Randburg. Aan die hand van 'n paar praktiese wenke, het sy ons gelaat met positiewe denke: Haal gereeld diep asem; sing; sing Kersliedere; dink positief; gebruik woorde van bevestiging; doen elke dag goed aan iemand; UITHOU is ook gemaak; gebed; en verhouding met die Here. Sy het ook die *Worry Worm*-projek aan ons bekendgestel en die patroon gestuur dat ons takke ook kan begin hekel aan die wurms.

Elmien Botha het die bedankings gedoen, waarna Poppie Jordaan die tafelgebed gedoen en ons verdaag het vir 'n smaaklike middagete en 'n spesiale NHSV kolwyntjie vir nagereg.

Baie dankie aan elk van die 75 afgevaardigdes wat die byeenkoms bygewoon het en 'n groot sukses verseker het.

TOIBO en ons raak loslit

TOIBO en ons raak loslit

Alta Koekemoer

Ons is onderweg na die Loslitdagprojek vir persone met gestremdhede wat vanjaar op Vrydag 6 September plaasvind. TOIBO is een van die organisasies wat aan die projek mag deelneem vir fondsinsameling.

Vanjaar vier die Loslitdagprojek vir persone met gestremdhede sy 30-jaar-mylpaal. Ons beskou hierdie herdenking as 'n geleentheid vir nadenke en waardering, en 'n springplank om ons in staat te stel om nog verder te werk aan 'n toekoms waar inklusiwiteit nie net 'n konsep is nie, maar 'n werklikheid. Mense met gestremdhede se regte is te dikwels oor die afgelope 30 jaar misgekyk, hulle was "ongesien". Met dit in gedagte, verwelkom ons die 2024-tema: **"EK SIEN JOU".**

Ons moedig graag lidmate aan om hul LOSLITDAGPLAKKERS vanjaar vir hulself, hul kantoor, kerk, skool en vriende, van die Transoranje Instituut te bestel en TOIBO so te help om kinders met spesiale onderwysbehoeftes te ondersteun.

Baie dankie vir u ondersteuning. Dit word opreg waardeer.



Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), Wializé Rocher, ds Carel Johann de Bruin, Poppie Jordaan, Antoinette van Rensburg, Alta Koekemoer
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

www.nhsv.org.za	***Posbus 111, Worcester 6849***	*diechristelikevrou@gmail.com*
diechristelike	*Christelike Vrou*	***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.